# LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

7 Augustus 2026

Beste Volkie Ouers

Ons is tans besig om twee **gesellige geleenthede** te reël vir die hele gesin om saam te kuier. Dagboek asseblief voorlopig die volgende twee datums:

| Datum | Geselligheid | Kontakpersoon |
|---|---|---|
| 29 Augustus 2026 | Gesinsrugby-aand: Rugby op die Grootskerm | Mnr. Stiaan van der Hyde |
| 19 September | Volkie Skuurkuier en dans | Mnr. Jaco Jordaan |

Hou asseblief ons sosiale media platforms dop vir meer inligting.

## Akademie

**Graad 4 tot 7-assesseringstoetse** begin binnekort. Die toetsrooster is reeds aan al ons ouers gestuur. Leerders ontvang ook elkeen 'n harde kopie van die rooster. Sommige assesseringstake en projekte het reeds begin. Ondersteun asseblief ons leerders deur hul te motiveer om deeglik voor te berei. Leerders ontvang tydens elke periode in die klas inligting oor belangrike werk wat hulle moet ken en leer.

## Ouer inligting

Daar is geweldig druk en verskeie vreemde invloede op **ouerskap** en hoe om vir kinders die regte voorbeeld te stel. Om ons ouers en personeel te ondersteun, sal ons graag gereeld **interessante artikels** met u deel.

Ouers kan kinders knak: 'Druk op skoolvlak laat jonges sport prysgee' https://www.netwerk24.com/sport/skole/ouers-kan-kinders-knak-druk-op-skoolvlak-laat-jonges-sport-prysgee-20260801-1017

016 341 6216
volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg - GP, 1441
www.laervolkskool.co.za

# LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

## Program vir die week

| DATUM | | AKTIWITEIT | WAAR |
|---|---|---|---|
| Vr | 7 | Mascot Fanie verjaar<br>Landloop liga<br>Seniorkore van 5-skole-reeks | <br><br>Laer Volkskool |
| So | 9 | Vrouedag | |
| Ma | 10 | Vakansiedag | |
| Di | 11 | Hokkie (Dogters) vs Dalview<br>Krieket: 0/13A vs Vaalpark<br>Krieket: 0/13B vs Vaalpark | Weg<br>Weg<br>Tuis |
| Do | 13 | Junior- en Seniorkoor (Sop en sjerrieaand)<br>Krieket: 0/11A vs Vaalpark<br>Krieket: 0/11B vs Vaalpark | Laer Volkskool Skoolsaal<br>Weg<br>Tuis |
| Vr | 14 | Gholf<br>Junior- en Seniorkoor: Dell'Arte kunswedstryde<br>Landloop | L/s Die Arend |

## Kwartaal 3/2027 - Toetsrooster

| Dag | Datum | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|---|
| Maandag | 17 Augustus | Wiskunde I | Wiskunde I | Wiskunde I | Wiskunde I |
| Donderdag | 20 Augustus | | | | NW I |
| Maandag | 24 Augustus | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans |
| Donderdag | 27 Augustus | Geografie | Geografie | Geografie | Geografie |
| Maandag | 31 Augustus | Engels | Engels | Engels | Engels |
| Donderdag | 3 September | NW | NW | NW | NW II |
| Maandag | 7 September | Wiskunde II | Wiskunde II | Wiskunde II | Wiskunde II |

Let asb. daarop dat assessering deurlopend plaasvind gedurende die kwartaal. Vakke wat nie 'n geskeduleerde toetsdatum het nie, doen take en projekte in die klas. Bykomende take, projekte, opstelle en werkkaarte vorm ook deel van die assesseringspunt wat op die rapport verskyn.

Skriftelike riglyne vir inhoud van toetse word 2 weke voor die vraestelle deurgegee. Leerders ontvang tydens elke periode inligting in die klas watter werk belangrik is om te ken en te leer.

Volkiegroete

**MNR. PIET STRYDOM: HOOF**

016 341 6216
volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg - GP, 1441
www.laervolkskool.co.za